higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# ARBEIDSVERHOUDINGE N5

(4110455)

**9 Junie 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

264Q1J2109

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nagesien word nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: | 40 punte |
   | AFDELING B: | 160 punte |
   | GROOTTOTAAL: | 200 punte |

2. AFDELING A (VRAAG 1 tot VRAAG 4) is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord enige VIER van die ander vyf vrae (5–9) in AFDELING B.

4. Lees al die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

7. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter van die volgende is NIE 'n funksie van 'n bedingingsraad nie?

A Gaan kollektiewe ooreenkomste aan
B Dwing kollektiewe ooreenkomste af
C Stel loonkoerse
D Stel belastingkoerse
E Al bostaande is funksies van bedingingsrade.

1.2 'n … staking is 'n ander naam vir 'n onbeskermde staking.

A Primêre
B Wilde
C Sekondêre
D Solidariteit-
E Geeneen van bostaande nie

1.3 'n … staking is 'n ander naam vir 'n sekondêre staking.

A Primêre
B Wilde
C Onbeskermde
D Solidariteit-
E Geeneen van bostaande nie

1.4 Watter van die volgende is NIE 'n gevolg van 'n beskermde staking nie?

A Afdanking
B Niebetaling van lone
C Behuising word behou
D Al bostaande is gevolge van 'n beskermde staking.
E Geeneen van bostaande is gevolge van 'n beskermde staking nie.

1.5 Watter van die volgende is NIE 'n rede om statutêre beheer in die werkplek toe te pas nie?

A Beskerming van werkgewers
B Beskerming van werknemers
C Veilige en gesonde werkplek
D Belasting
E Al bostaande is geldige redes.

1.6 Wat beteken *vryheid van assosiasie*?

A Werknemers kan by werkersorganisasies aansluit
B Werkgewers kan by werkgewersorganisasies aansluit
C Werkgewersorganisasies kan verbonde vorm
D A en B
E B en C

1.7 Vir watter van die volgende maak die reg op toegang vir vakbonde voorsiening?

A Vergaderings
B Werwing van lede
C Verkiesings
D Al bostaande
E Geeneen van bostaande nie

1.8 Watter van die volgende opsies is NIE 'n direkte voordeel van werknemers se betrokkenheid in die werkplek nie?

A Werksbevrediging
B Verbeterde kommunikasie
C Beter lone
D Meer produktiwiteit
E Vinniger produktiwiteit

1.9 'n Werknemer het 'n reg om …

A te staak.
B 'n vakbond te stig.
C te weier om instruksies te volg.
D A en B
E B en C

1.10 Watter van die volgende is NIE 'n faktor wat die verhouding tussen werkgewer en werknemer beïnvloed nie?

A Driesydige aard van die verhouding
B Gemene reg
C Konflik
D Gewoontes en tradisies
E Al bostaande faktore het 'n invloed.

1.11 Elke werkgewer moet …

A veilige werkplekstelsels verseker.
B voorsorgmaatreëls tref.
C alle werknemers van moontlike gevare inlig.
D toesien dat die komitee sy funksies uitvoer.
E Al bostaande is deel van werkgewers se pligte.

Kopiereg voorbehou 

1.12 Hoe word billikheid bereik?

A Bevordering van gelykheid
B Onbillike diskriminasie
C Minder werksgeleenthede
D Werkswinkels
E Onbillike behandeling

1.13 Op watter van die volgende vakansiedae is die werknemer geregtig?

A Moedersdag
B Vrouedag
C Goeie Vrydag
D Valentynsdag
E Al bostaande dae

1.14 Suid-Afrika se ekonomiese ideologie is gegrond op …

A kapitalisme.
B sosialisme.
C kommunisme.
D kollektiewe eiendom.
E neutralisasie.

1.15 Interne insette van die bedryfsverhoudingstelsel bestaan uit …

A die ekonomiese stelsel.
B substantiewe ooreenkomste.
C strukture en prosedures.
D die waardes en mag van die rolspelers.
E etnisiteit en sedes.

1.16 Interne prosedures in die bedryfsverhoudingstelsel bestaan uit …

A kollektiewe bedinging.
B bemiddeling.
C tugprosedures.
D stakings.
E die ekonomiese stelsel.

1.17 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes hanteer sake soos …

A betaling vir oortyd.
B die rol van inspekteurs.
C kontrakbeëindiging.
D minimum werktyd.
E Al bostaande

Kopiereg voorbehou 

1.18 Die staat speel sy rol as ’n …

A binnekringlid.
B buitestander.
C beleidmaker.
D primêre rolspeler.
E sekondêre rolspeler.

1.19 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995) reguleer …

A werksure.
B die dienskontrak.
C die getal veiligheidsverteenwoordigers.
D werkplekforums.
E vakbondverteenwoordigers.

1.20 ’n Geslotegeledere-ooreenkoms (‘closed-shop agreement’) beteken …

A almal moet by die vakbond aansluit.
B enigiemand kan by die vakbond aansluit.
C die vakbond stem in om sy werk te staak.
D vakbondlidmaatskap is gesluit vir nuwe werknemers.
E polisiebeamptes mag betrokke raak.

(20 × 1) **[20]**

## VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die driesydige arbeidverhoudinge verwys na die verhouding tussen werkers, bestuurders en vakbonde.

2.2 Die staat kan arbeidsverhoudinge deur wetgewing beïnvloed.

2.3 ’n Dienskontrak moet ’n werkgewer se adres aantoon.

2.4 Werkgewers moet van tugkodes ingelig word wanneer hulle ’n kontrak onderteken.

2.5 Partye hoef nie volmaakte ooreenstemming te bereik wanneer hulle ’n kontrak onderteken nie.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

Kies 'n term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Die staat | A | staatsbetrokkenheid |
| 3.2 | Mediese fonds | B | vakbondverteenwoordiger |
| 3.3 | Mandatorisme | C | verhoging van lone |
| 3.4 | Reg op strategiese beplanning | D | wins en vergelyking |
| 3.5 | Dienssertifikaat | E | wetgewer |
| 3.6 | Regstellende aksie | F | werkerdeelname |
| 3.7 | Bepalings vir ekonomiese regulering | G | byvoordele |
| 3.8 | Doeltreffendheid | H | regsbronne |
| 3.9 | Diensbetrokkenheid | I | bestuur |
| 3.10 | Grondwet | J | beëindiging van kontrak |
| | | K | konflik |

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 … reg verwys na alle regsreëls wat nie in wetgewing voorkom nie.

4.2 Die … is verhewe bo alle ander wette van die land.

4.3 'n …-stelsel verwys na 'n mens se oordeel oor dít wat belangrik in die lewe is.

4.4 'n … stelsel is 'n ekonomiese stelsel waarin die vervaardiging en verspreiding van goedere van privaat beleggingskapitaal en winsgewendheid afhanklik is.

4.5 Individue se belange is ondergeskik aan die belange van die …

(5 × 1) **[5]**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord VIER vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




5.1.1 Bespreek die prosedure vir 'n beskermde staking deur busbestuurders kortliks. (5 × 2) (10)

5.1.2 Wat het aanleiding gegee tot die staking van busbestuurders in Suid-Afrika wat pendelaars vir amper 'n maand gestrand gelaat het? (3)

5.1.3 In Suid-Afrika is daar 'n reël wat lui: Geen werk, geen betaling. Bespreek die kwessie van vergoeding tydens 'n protesoptrede. (2 × 2) (2)

5.1.4 Wat is die gevolge van 'n beskermde staking (artikel 67)? (4 × 2) (8)

5.1.5 Noem DRIE stappe van geskilbeslegting. (3 × 1) (3)

5.1.6 Lys en beskryf kortliks rede vir die stigting van vakbonde. (7 × 2) (14)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae .

**DUT-lesings begin Dinsdag ondanks loonstaking**

*The Mercury* berig dat die staking by die Durban Universiteit van Tegnologie (DUT) reeds vyf weke duur nadat gesprekke 'n dooie punt bereik het en bemiddeling onsuksesvol was.

Die universiteitsbestuur het by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (CCMA) met die Nasionale Vakbond vir Onderwys-, Gesondheids- en Verwante Werkers (Nehawu) vir bemiddeling vergader, maar die partye kon nie 'n ooreenkoms aangaan nie. Milton Estrice, woordvoerder vir die Krisiskomitee wat aangestel is om gesprekke tussen die partye te fasiliteer, sê die universiteit wil nie kopgee met die aanbod wat hulle die afgelope drie weke aan die werkers voorgelê het nie. "Die bestuur gee die heeltyd vir ons 'n vaste aanbod en sê dit is hul finale aanbod, wat beteken daar is geen ruimte vir onderhandeling nie, terwyl die personeel bereid is om te onderhandel.

Gesprekke het in duie gestort weens hierdie gebrek aan samewerking deur DUT," sê Estrice. In afwagting van 'n herhaling van botsings wat verlede week plaasgevind het, was daar Maandag swaar polisieteenwoordigheid buite die universiteit. Personeel se optog van kampus tot kampus het egter vreedsaam plaasgevind. Intussen is die DUT-bestuur vasbeslote dat die universiteit se akademiese jaar Dinsdag sal begin, ondanks die feit dat die loongeskil nog nie besleg is nie.

[Aangepas van *The Mercury*, 13 Februarie 2018]

6.1 Verduidelik kortliks die funksies van Nehawu in die DUT. (5 × 2) (10)

6.2 Wat is die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995, gewysig 2014)? (4 × 2) (8)

6.3 Nehawu het spesifieke doelstellings ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995, gewysig 2014).

Noem VYF. (5 × 2) (10)

6.4 Verduidelik wat 'n *outomatiese onbillike afdanking* is. (2 × 1) (2)

6.5 Bespreek die verskil tussen 'n *afdanking op grond van bedryfsvereistes* en 'n *afdanking op grond van wangedrag*. (5 × 2) (10)

**[40]**

## VRAAG 7

**Eskom kap fluitjieblaser Suzanne Daniels met nuwe aanklagte**

Eskom het fluitjieblaser Suzanne Daniels se terugkeer na werk Maandag verhoed, en haar met nuwe aanklagte van 'ernstige wangedrag' gekap. Die besluit het gekom nadat die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (CCMA) haar vorige skorsing as 'onbillik' verklaar het. Die kragreus sê die nuwe aanklagte spruit uit 'n 2017-aangeleentheid, wat nie in die onlangse CCMA-beslissing gedek is nie.
Die maatskappy sê in 'n verklaring dat Daniels beskuldig word van die verspreiding van vertroulike inligting, skikking van die McKinsey-Trillian-saak en betalings aan McKinsey en Trillian gemaak, asook betrokkenheid by die Optimum- en Tegeta-voorafbetalings en -waarborg wat deur Eskom uitgereik is.

Eskom sê dit is nie geleë dat Daniels op hierdie stadium na Eskom terugkeer nie. Daniels is gevra om redes te gee waarom sy nie geskors moet word nie.
"Sy het vertoë gerig en Eskom oorweeg dit tans en sal binne die volgende paar dae 'n besluit neem oor haar skorsing," sê die kragreus.
Daniels wou nie aan *Fin24* kommentaar lewer oor haar nuutste worsteling met Eskom nie.

Die CCMA het haar vyf maande betaling as vergoeding toegestaan en beveel dat sy toegelaat moet word om Maandag terug te keer werk toe.

[Bron: *https//www.mgs.co.za*]

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Lys die regte van Eskom se bestuur rakende hul werknemers. | (6 × 2) | (12) |
| 7.2 | Stel 'n tugkode vir Eskom op en toon die sankies aan wat toegepas kan word as 'n werknemer 'n spesifieke reël oortree. | (5 × 2) | (10) |
| 7.3 | Verduidelik die redes vir die CCMA se ingryping in die verhouding tussen Eskom en Daniels. | (4 × 2) | (8) |
| 7.4 | Verduidelik kortliks Eskom se billike redes vir die skorsing van me Daniels. | (3 × 2) | (6) |
| 7.5 | Lys riglyne wat 'n maatskappy in geval van afdanking weens wangedrag kan volg. | (4 × 1) | (4) |
| | | | **[40]** |

## VRAAG 8

Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.









[Bron: *https://www.bing.com/images/*]

8.1 Definieer die volgende terme en verduidelik elkeen se doel:

8.1.1 Uitsluiting (‘Lockout’)

8.1.2 Sekondêre staking

8.1.3 Wagopstelling (‘Picketing’)

8.1.4 Staking

(4 × 4) (16)

8.2 Wat is die vernaamde magte en funksies van ’n bedingingsraad? (6 × 2) (12)

8.3 Wat is die betekenis en doel van ’n *geslotegeledere-ooreenkoms*? (4 × 1) (4)

8.4 Lys negatiewe gevolge van arbeidsuitdagings-/onrus in Suid-Afrika se ekonomie.

(4 × 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 9**

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

**Drie vakbondverteenwoordigers wat protes aanteken teen rassisme by Gupta-troue kry nie hul werk terug nie**

WOENSDAG, 14 FEBRUARIE 2018 07:51

*Timeslive* berig dat drie vakbondverteenwoordigers wat afgedank is nadat hulle gestaak het weens aantygings van rassisme by die Gupta-familie se omstrede troue by Sun City in 2013 se appèl om hul werk terug te kry, misluk het.

Sam Botlhale, Clifford Ramontle en Koki Khojane het die Arbeidshof genader ná hul afdanking weens hul deelname aan 'n onbeskermde staking. Die drie was deel van 'n groep werkers van die Suid-Afrikaanse Vakbond vir Kommersiële, Spyseniers- en Verwante Werkers (Saccawu) wat op 11 Mei 2013 gestaak het, ondanks die feit dat die staking belet was. Die staking het plaasgevind nadat die drie gesê het hulle glo Sun City het daarin misluk om die beweerde rassistiese gedrag by die Gupta-troue suksesvol te hanteer.

Die drie het in die Arbeidshof gepleit dat hul afdanking onverdiend was omdat die protes, ondanks die feit dat die staking onbeskermd was, 'n reaksie op die onbillike optrede deur Sun City was. Die hof het egter in Oktober verlede jaar hul afdanking bekragtig. Die drie werkers het daarna 'n aansoek om verlof tot appèl teen die besluit aangeteken. Weens die feit dat die aansoekers se betoë 'n herhaling was van die bewyse en argumente by die verhoor, het die appèlregter beslis: "Daar is geen gronde vir verlof tot appèl deur die aansoekers nie, en ek sien geen rede waarop die Arbeidsappèlhof met hierdie appèl belas moet word nie."

[Bron: *Timeslive*]

9.1 Jy wil jouself beskikbaar stel vir verkiesing om die afgedankte vakbondverteenwoordiger te vervang.

Wat is die prosedure wat jy moet volg? (6)

9.2 Lys die eienskappe wat Sam Botlhale, Clifford Ramontle en Koki Khojane waarskynlik het. (10 × 1) (10)

9.3 Lys die doelwitte wat Saccawu met die onbeskermde staking wou bereik. (6 × 2) (12)

9.4 Wat was moontlike redes vir die stigting van Saccawu? (6 × 2) (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou